

**Woensdag 22 November**

**Skrifgedeelte: Lukas 15:1-32 (1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Lukas 15:32**

**Gees-gewerkte blydschap oor ons Vader se opsoek-liefde in Christus**

Jesus, omring deur tollenaars, sondaars en Fariseërs, vertel agtereenvolgens drie gelykenisse wat gaan oor iets wat verlore, gevind, en waaroor daar feesvreugde is – die verlore penning, verlore skaap, verlore seun.

Die “verlore seun” het ’n opstandige hart en steur hom nie aan wette en reëls nie. In die tyd van sy ongebondenheid bring hy sy geld deur in ’n losbandige, sondige lewe tussen sondaars. Wanneer hy in besef van sy verloreheid en gebrek na die huis van sy vader gaan, loop hy hom vas in die uitgestrekte, liefdevolle arms van ’n vader wat sy seun terug soek en met blydschap terug ontvang.

Jesus openbaar met hierdie drie gelykenisse dat Hy na hierdie wêreld ge-stuur is om die Vader se kinders op te soek tussen sondaars, prostitute, tollenaars en onder die uitgeworpenes en veroordeeldes van die samelewing.

Die ander seun, wat tuisgebly het, is gehoorsaam aan die reëls van die vader. Hy beskou homself beter as sy broer en meer verdienstelik voor hulle vader. Ons mis egter by hom ’n dankbare liefde teenoor sy vader. Sy liefde-lose hart word daarin geopenbaar dat hy nie bly is saam met die vader oor die terugvind van die verlore seun nie.

Is ons saam met Jesus betrokke in sy opsoek van God se verlore kinders? Is ons saam met die Vader bly oor een sondaar wat hom bekeer? Dit kan alleen wanneer ons Gees-gewerkte dankbaarheid in ons harte het vir die Vader se opsoek-liefde in Christus se sterwe vir ons toe ons nog sondaars was.

*Sing: Psalm 33:11 (1936)*

*Ds. SJMS (Faan) Smit (Heidelberg)*